# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (13/10)

*Justin Chadwick (2 April 2010)*

GESEGDE VAN DIE WEEK *"Statistics can be made to prove anything - even the truth" ANON*

## SITRUS VOLUME SKATTINGS VIR 2010

Die Variëteitsfokusgroepe het op 23 Maart vergader om die oesskattings vir 2010 te bespreek. Hierdie skattings is die volgende dag vir die Sitrus Bemarkingsforum (CMF) aangebied. Die syfers is nou deur die Sitrusuitvoerdersforum bestudeer en as die amptelike skattings vir 2010 aanvaar.

Daar moet kennis geneem word dat die skattings is **wat gepak gaan word en vir uitvoer beskikbaar gaan wees.** Die finale verskepingsyfers is van verskeie veranderlikes afhanklik – mees belangrik is markaanvraag wat die uitvoerder se besluite oor verskeping gaan beïnvloed. Die werklike verskepingsyfer as 'n persentasie van die vrugte wat verpak is, is afhanklik van die vrugtipe en die heersende markaanvraag. Oor die afgelope paar seisoene het pomelo's tussen 95 en 100% gevarieër; sagte sitrus tussen 88 en 93%; suurlemoene tussen 88 en 92% en lemoene tussen tussen 92 en 99%. Die gemiddelde vir die afgelope vier seisoene is met die syfer van wat verpak is vergelyk om 'n idee te kry van wat verskeep kan word.

SKATTING VIR 2010 (alles 15Kg kartonne); **Pomelo's 12.6 m; Suurlemoene 9 m; Sagte Sitrus 7.5 m; Valencias 41.3 m en nawels 21.5 m = TOTAAL 91.9 m verpak en vir uitvoer goedgekeur.**

Pomelo's se volume word voorsien om 9.9 m kartonne gepigmenteerd (79%) en 2.7 m kartonne wit (21%) te wees.

Navels se volume word voorsien dat 4.1 m kartonne laat nawels gaan wees.

Sagte Sitrus se volume is verder afgebreek na 1.9 m Satsumas, 2.7 m Clementines en 2.9 m ander mandaryne (waarvan 1.3 m kartonne laat mandaryn variëteite sal wees).

**VERGELYKING MET VORIGE JARE VAN WAT VERPAK EN VIR UITVOER GOEDGEKEUR IS (Miljoen 15Kg kartonne)**

| | 2006 | 2007 | 2008 | 2009 | Skatting 2010 |
|---|---|---|---|---|---|
| Valencias | 34.4 | 43.9 | 43.2 | 38.5 | 41.3 |
| Nawels | 16.6 | 18.7 | 21.5 | 19.4 | 21.5 |
| Pomelo's | 10.5 | 14.3 | 12.8 | 14.2 | 12.6 |
| Suurlemoene | 7.5 | 7.4 | 9.6 | 8.7 | 9 |
| Sagte Sitrus | 5.9 | 6.8 | 7.3 | 6.8 | 7.5 |
| **TOTAAL** | **74.9** | **90.8** | **94.4** | **87.6** | **91.9** |

Die 2010 skatting is dieselfde as 2008 se werklike syfer vir die meeste sitrustipes.

Om 'n gevoel vir die verskepingsyfer te kry is vorige jare se gemiddelde verskepingspersentasie gebruik. (Miljoen 15 Kg kartonne)

| | Skatting 2010 (Verpak) | Gemiddelde % verskeep | Skatting 2010 (Verskeep) |
|---|---|---|---|
| Valencias | 41.3 | 94% | 38.8 |
| Nawels | 21.5 | 98% | 21.1 |
| Pomelo's | 12.6 | 97% | 12.2 |
| Suurlemoene | 9 | 90% | 8.1 |
| Sagte Sitrus | 7.5 | 90% | 6.8 |
| **TOTAAL** | **91.9** | | **87** |

## SMAAK VIR SITRUS

In die verlede is olifante in die Addo Olifant Park (naby die hoof produksiegebied van die Sondagsrivier) groot hoeveelhede sitrus tydens wintermaande by 'n sekere plek in die Park gevoer sodat toeriste hul gereeld kon sien. 'n Trok het die wildernisgebied binnegegaan en die lemoene daar afgegooi. Olifante het agterna gehardloop, rasend, brullend en grypend na lemoene op die trok. Die plantegroei rondom die voedingsarea is uitgetrap omdat olifante nie vanuit die area beweeg het nie uit vrees dat hul die voersessies sou mis. Vlakke van aggressie tussen die olifante het gestyg, party is beseer en baie het tekens van erge stres getoon tydens hul kompetisie vir die lemoene. As gevolg van al hierdie probleme is hierdie praktyk om sitrus te voer in 1979 uitgefaseer.

**ONS HET NODIG OM ONS KLIëNTE SO GEK NA SITRUS TE KRY!!!**

**PRODUSENTE BEFONDS HUL TOEKOMS DEUR DIE AKTIWITEITE VAN DIE SITRUS PRODUSENTEVERENINGING, SITRUS AKADEMIE EN CITRUS RESEARCH INTERNATIONAL**